

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 37: Shelach Lecha – Gestuur namens iemand / Stuur jy

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena'an, wat Ek aan die seuns van Yisra'el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen 'n leier onder hulle.” Num. 13:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 13:1 tot 15:41

Haftorah: Joshua 2:1 tot 24

Nuwe Verbond: Matt. 9:20; 14:36; 23:5; Mark. 6:56; Luk. 8:44; Heb. 3:7 tot 19; Rom. 8:31, 37; Fil. 4:13; Heb. 11:32 tot 34; Rom. 15:4; 1 Kor. 10:11; Rom. 3:29 tot 31; Gal. 3:28 en 29; Efes. 2:11 tot 19.

Vorige jare se notas vir Parashah 37 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

It is only with gratitude that life becomes rich! – Dietrich Bonhoeffer.

God is in control, and therefore in EVERYTHING I can give thanks - not because of the situation but because of the One who directs and rules over it. – Kay Arthur.

Our murmuring is the devil's music. – Thomas Watson.

The more you have to live for, the less you need to live on. Those who make acquisition their goal never have enough. – Sydney Harris.

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings. – Eric Hoffer.

It is our attitude at the beginning of a difficult task which, more than anything else, will affect its successful outcome – William James.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

For success, attitude is equally as important as ability – Walter Scott

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing het ons ondermeer geleer dat *die volk het geword soos mense wat kla van swarkry voor die ore van יהוה* (Num. 11:1). Yisra'el het begin terugverlang na die “vleispotte” van Egipte!

Die onmiddellike vraag is of Yisra'el hoegenaamd rede gehad het om te kla? Het יהוה dan nie in al hulle behoeftes voorsien nie?! Het hulle behoeftes nou in gierigheid verander? In Num. 11:4 lees ons van die wortel (bron) van hierdie gierigheid, naamlik:

Die gemengde bevolking wat onder hulle was, het gierige begeertes gehad. Die kinders van Yisra'el het weer gehuil en gesê: “Wie sal vir ons vleis gee om te eet?”

Dit was die *gemengde bevolking* wat die vuur van gierigheid aangesteek het, naamlik hulle wat saam met Yisra'el uit Egipte getrek het en wat van gemengde bloed was (Ex. 12:38). Hierdie gemengde bevolking was die wat aan die kant van die laer gewoon het (Num. 11:1), naamlik weg van die tabernakel en van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid.

Dit is hierdie gemengde bevolking wat die suurdeeg was wat die res van Yisra'el besmet het, want ons lees dat die kinders van Yisra'el toe ook weer gehuil het!

Die vreugde van vryheid en dankbaarheid vir יהוה se voorsiening was nou vervang met ontevredenheid en ondankbaarheid soos blyk uit hulle woorde: *Maar nou is ons siel dor; daar's glad niks nie: net die manna is voor ons oë* (Num. 11:6).

Hierdie is 'n voorbeeld van die minderheid wat die meerderheid se lot bepaal. Yisra'el het toegelaat dat die invloed van die minderheid oorspoel na hulle deel van die laer. Hulle het teen יהוה gerebelleer en voor Hom gehuil en gesê: *Waarom het ons tog uit Egipte uitgetrek?* (Num. 11:20).

In hierdie week se Torahskriflesing sien ons dat geskiedenis 'n geneigdheid het om herhaal te word, naamlik dat die invloed van die minderheid oorspoel na die meerderheid! Die verslag van tien van die twaalf verkenners het Yisra'el sodanig beïnvloed dat hulle nie volgens die belofte aan Abraham, en volgens die opdrag van God, die Beloofde Land Kanaän in besit geneem het nie! Hierdie gebrek aan vertroue het baie ernstige gevolge vir Yisra'el gehad! Dit was een van die waterskeidings-oomblikke in Yisra'el se geskiedenis.

Bepins of Bespreek:

1. Wat was die motiewe van die gemengde bevolking (die vreemdelinge) wat by Yisra'el aangesluit het? Het hulle saam getrek vir die moontlike voordele wat dit inhou, naamlik van die Beloofde Land van melk en heuning? Onthou: Daar is diene wat Yeshua by hulle lewe voeg, en dan is daar diene wat hulle lewe by die van Yeshua voeg. Watter van dié twee groepe is die ware studentevolgelinge van Yeshua?

Vertroue en Getrouheid

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die verkenning van die Beloofde Land Kanaän en die verslag van die verkenners.

¹ יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² “Stuur manne uit sodat hulle die land Kena’an, wat Ek aan die seuns van Yisra’el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen ’n leier onder hulle.”

Yisra’el was gereed om Kanaän binne te gaan en יהוה het Moshe opdrag gegee om twaalf owerstes (prinse), een uit elke stam, te stuur om die land te verken. Moshe het geweet dat die belofte van die Beloofde Land ‘n “waarborg” ingesluit het, naamlik dat Yisra’el die land sou verower. יהוה se beloftes vereis egter van die mens ‘n handeling wat ooreenstem met die belofte, naamlik, in hierdie geval: *Gaan en neem die land in besit!!* Kanaän was die land wat יהוה aan die seuns van Yisra’el sou gee!

Wat van Yisra’el vereis was, was om יהוה te vertrou dat Hy hierdie belofte gestand sou doen, naamlik om God te vertrou dat Hy nie ‘n man is dat Hy sou lieg nie (Num. 23:19), en tweedens, dat hulle getrou volgens God se opdrag sou optree om die land in besit te gaan neem!

Indien ons יהוה se beloftes glo, moet ons die ooreenstemmende vertrou (geloof) hê om die beloftes in besit te neem. Ons moet onthou dat יהוה se beloftes is Sy wil!! Daarom moet ons ooreenkomstig יהוה se beloftes optree. Ons moet optree volgens wat ons glo – ons optrede moet ons vertrou bevestig! Onthou: Vader-God gee ons elkeen die keuse om te besluit of ons Sy wil of ons eie wil gaan volg, en of ons Vader-God genoegsaam vertrou dat Hy Sy beloftes gestand sal doen.

Onthou: Geloof (vertrou) bestaan uit vertrou in יהוה en getrouheid aan יהוה! Die een kan nie sonder die ander nie! Vertrou in יהוה as die getroue Verbondsgod sonder getrouheid (gehoorsaamheid) aan יהוה se onderrig en instruksies is nutteloos! In sy brief skryf Ja’akov oor die nutteloosheid van vertrou sonder die ooreenstemmende dade (Jak. 2:14-26).

Daarom vereis afgesonderdheid (heiligmaking) beide vertrou en getrouheid. Dit is vertrou in Yeshua as die Lam van God deur wie se bloed ons vergifnis van sonde ontvang. Maar dit moet opgevolg word deur getrouheid aan יהוה se Torah, naamlik om dit te doen wat יהוה ons beveel. Dit is die pad tot afgesonderdheid (heiligmaking) en die wyse wat ons יהוה se Koninkryk in besit sal neem.

Ons moet afgesonderd wees sodat יהוה in ons midde kan woon en ons in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid kan staan. Ons is die tempel van יהוה en as koninklike priesterdom is dit ons strewe om daagliks in die Mees Afgesonderde Plek, in יהוה se Teenwoordigheid, te lewe. Dit is daar waar ons daagliks rus en shalom, naamlik vrede, vreugde voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid, sal ondervind. Dit is die “Beloofde Land” wat ons in besit moet neem om יהוה se Koninkryk in ons eie lewe en omgewing te vestig en ‘n oorvloedige lewe in Yeshua deelagtig te wees (Joh. 10b).

Daarom moet ons nie dieselfde fout as Yisra’el van ouds begaan nie. Nee, ons moet יהוה vertrou dat deur die onverdiende guns in Yeshua is Vader se Torah in ons begrip gegee en dit op ons verstand, wil en emosie geskryf (Heb. 8:10) om deur Sy Gees te kan vertrou en om getrou te kan wees.

Maar die vraag is: Wie word in die Mees Afgesonderde Plek – in יהוה se Teenwoordigheid – toegelaat? Die antwoord is: Slegs hy/sy wat rein, naamlik sonder sonde is!

So maklik glo gelowiges wat Yeshua as Die Gesalfde van God bely, maar hulself as vry van die wet (die Torah) beskou, dat hulle sonder sonde is en weens sekere “geestelike ervarings”,

asook sielservarings glo dat hulle in God se Teenwoordigheid kan staan. Sulke gelowiges verstaan egter nie wat sonde is en wat die impak (omvang / uitwerking) daarvan op hulle lewe is nie?

Om dit te verstaan moet daar eerstens besef word dat sonde die oortreding van Torah is (1Joh. 3:4). Dit is ongehoorsaamheid en die verwerping van die gesag (outoriteit) van God. Dit is rebellie teen יהוה-God! Torah leer ons dat יהוה die wat rebelleer uitwerp en straf, soos wat Yisra'el se geskiedenis dit bevestig.

Tweedens moet besef word dat Rom. 6:23, naamlik dat die loon (uiteinde) van die sonde die dood is, 'n onveranderlike geestelike wet van יהוה-God is. Hy is die Oppergesag, naamlik die Wetgewer van alle natuur- en geestelike wette en wat nougeset, sonder uitsondering, daarvolgens optree.

Derdens is dit belangrik om te besef dat sonde 'n tweeledige uitwerking het, naamlik op die mens en op יהוה!

Die uitwerking op die mens wat moedswillig sondig is volgens Rom. 6:23, naamlik skuldig wat straf vereis en waarvan die uiteinde die dood is – eerstens geestelike en uiteindelijke die ewige dood!

Die uitwerking op יהוה is dat hy verplig word om volgens Rom. 6:23 op te tree, want anders is Hy 'n onregverdige regter en kan Satan vir God aankla!!

Al bly die liefde van God vir die mens onveranderlik, sal Hy volgens Sy Karakter en Outoriteit die sondaar nie in Sy Teenwoordigheid toelaat nie. Sonde “verplig” God om op te tree as regverdige Regter en om die sonde dus te veroordeel en te straf!

Wanneer gesondig word, word die uitwerking nie altyd dadelik sigbaar nie, Maar God sal Sy eis dat die sonde gestraf moet word, nie laat vaar nie. Solank as wat die sondaar skuldig is, kan יהוה as Afgesonderde nie die sondaar in Sy Teenwoordigheid toelaat nie.

יהוה-God, ons Vader, vereis vertroue in Hom en getrouheid aan Sy onderrig en instruksies. Alleenlik dan sal ons in Sy voortdurende Teenwoordigheid lewe en sal ons Sy woning, naamlik Sy mees Afgesonderde Plek wees.

As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:23.

Bepeins of Bespreek

1. Die meerderheid gelowiges is skuldig aan doelbewuste sonde, veral aan die oortreding van die Shabbatgebod, en tog is hulle oortuig dat hulle in יהוה se Teenwoordigheid staan op grond van wat hulle glo, asook weens “geestelike- en sielservarings”. Is hierdie een van die mees subtiele en omvangrykste misleidings van mense wat glo dat hulle יהוה in Gees en Waarheid dien, maar hulle hart is vêr van God. Onthou wat Yirmeyahu gesê het, naamlik: *Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge* Jer. 17:9! Is Yeshua se waarskuwing in Matt. 7:21-23 ook op hierdie mense van toepassing? Onthou: Al is ons bedoelings hoe opreg, kan ons nog altyd opreg verkeerd wees omrede ons nie יהוה se geregtigheid ken nie!
2. Onthou: Ywer en goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie

Die Verslag van die Verkenners.

Die verkenning van Kanaän en die verslag van die verkenners het plaasgevind na die rebellie van Miryam en voor die rebellie van Korag. Beide Miryam en Korag het kwaad gespreek (*la'shon hara* – sondes met die mond gepleeg, lastering) teen die leierskap soos deur יהוה aangestel was en met ernstige gevolge. Tien van die twaalf verkenners het ook kwaadgespreek van יהוה, asook van die land wat Hy aan Yisra'el belowe het (Num. 13:26-29) en die gevolg was 'n verdere 38 jaar swerftog in die wildernis. Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien!!

Die tien verkenners het die vrugbaarheid van die land gesien, maar 'n negatiewe verslag aan Moshe en die volk voorgehou en sodoende die hele volk negatief beïnvloed. Hoekom? Ons sien eers en dan praat ons oor wat ons gesien het. Die lastering (*la'shon hara*) van die verkenners was dat hulle egter anders gepraat het as wat hulle gesien het! Hulle monde het hulle oë 'voorafgegaan'!! Hulle het nie 'gesien' wat יהוה 'gesien' het nie!

Die verkenners het dinge uit 'n vleeslike oogpunt gesien en nie die belofte van יהוה geglo nie.

Soos reeds bespreek is geloof getrouheid plus vertrou, naamlik getrou (gehoorsaam) aan Torah (Yeshua, die Woord van יהוה), en vertrou in die getrouheid van Vader-God. Vertroue is glo en sien.

Vertroue is gebaseer op feite en beloftes. 'n Feit is dit wat reeds gebeur het, terwyl 'n belofte is dit wat nog sal gebeur. Elkeen van יהוה se beloftes is egter ook 'n feit. יהוה belowe asof dit reeds gebeur het! Dit is wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs in Heb. 1:1 bevestig:

Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is,¹ asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie

Y'hoshua en Kalev het nie die gedeelte van die tien verkenners se verslag oor 'n land wat sy inwoners verteer, en van die reuse van die land wat Yisra'el soos sprinkane laat lyk, ontken nie. Hulle het egter met hulle geestes-oë gekyk en יהוה se belofte gesien en dit geglo.

Though Caleb and Joshua saw the same things that the other ten spies had seen, their assessment of the situation was completely different. They looked at the Anakim and the Canaanites through the eyes of faith. This is the difference between a blind faith and seeing faith. Blind faith is uninterested in the data. "Don't confuse me with the facts." A seeing faith beholds the real world with all of its problems, but it interprets that world in steadfast confidence. It is an unquenchable spirit of optimism, a confidence in God's ability to utterly transcend each and every obstacle (Schelach, First Fruits of Zion, 2012).

Die twaalf verkenners was op dieselfde sending na die dieselfde land. Tien van die twaalf het getwyfel en die oorgrote meerderheid van die volk meegesleur in vrees, twyfel en kommer. Die wat vrees, twyfel en bekommer is nooit alleen nie. Dit het Yisra'el 38 jaar geneem om die oes van twyfel, vrees en kommer uit te wis en die nuwe saad van vertrou te saai wat 'n vrugbare oes sou lewer.

Die tien verkenners se negatiewe verslag moet ook gesien word in hulle woorde soos in Num. 13:33 opgeteken is:

Ons het ook die reuse (Nefilim) daar gesien, die seuns van `Anak is deel van die reuse en ons het soos sprinkane in ons eie oë geword soos ons ook in hulle oë was.

In vergelyking met die reuse wat hulle in Kanaän gesien het, het hulle soos sprinkane gevoel en ook die afleiding gemaak dat die reuse hulle ook as sulks beskou het. Die tien verkenners het weens hulle wantroue in יהוה se beloftes ‘n waarskynlike swak selfbeeld gehad! Hulle het hulself nie gesien soos יהוה hulle gesien het nie!

Bepeins of Bespreek

1. Soos ons eindtydgebeure rondom ons ontvou moet ons ook versigtig wees om nie soos die verkenners ‘n negatiewe verslag te gee nie wat veroorsaak dat יהוה se beloftes vergeet word. Is ons nie ook dikwels skuldig aan kwaadsprek (*la'shon hara*) teen יהוה nie? Is ons woorde oor eindtydgebeure woorde van vrees of van hoop?
2. Is ons vrees en besorgdheid oor hoe ander ons sien nie dikwels die oorsaak hoekom ons nie יהוה se beloftes in besit kan neem nie?
3. Volgens oorlewering wou tien van die verkenners nie Kanaän in besit neem nie, want hulle wou nie die verantwoordelikheid aanvaar nie. Het hulle gemaksugtig geword, want יהוה het vir hulle in die wildernis gesorg? Om Torah-gehoorsaam te lewe is ‘n baie groot verantwoordelikheid, want of jy voorspoed of teenspoed ervaar is grootliks jou besluit – dit is grootliks in jou hande en word grootliks deur jou gesindheid en selfbeeld bepaal.
4. Ons gesindheid waarmee ons in gehoorsaamheid aan יהוה se liefdevolle onderrig lewe en beproewinge hanteer, bepaal ons uiteinde!

Your living is determined not so much by what life brings to you as by the attitude you bring to life; not so much by what happens to you as by the way your mind looks at what happens. – Khalil Gibran.

Ability is what you're capable of doing. Motivation determines what you do. Attitude determines how well you do it. – Raymond Chandler.

It is our attitude at the beginning of a difficult task which, more than anything else, will affect its successful outcome. – William James.

For success, attitude is equally as important as ability. – Walter Scott.

5. Het ons die gesindheid van soveel vertroue in יהוה se beloftes dat ons bereid is om dit prakties in ons lewe toe te pas? Vader-God sal ons die vermoë skenk om dit te doen wat Hy van ons vra!

Haftorah Bespreking (Josua 2:1 tot 24)

Ingeënt op die Olyfboom deur Vertroue

Ons Haftorahskriflesing begin met Josua 2:1 waar ons lees:

Toe het Y'hoshua, die seun van Nun, in die geheim twee manne as verkenners uit Shitteem uitgestuur en gesê: “Gaan kyk na die land en veral Yerigo.” Hulle het gegaan en in die huis van ‘n hoer, met die naam van Ragav, ingekom en daar gebly.

Die verband tussen hierdie week se Torah en Haftorah is dus duidelik te sien in die stuur van verkenners na Kanaän. Ons weet dat die eerste sending van 12 verkenners ramspoedig geëindig het met die nadelige gevolge dat ‘n hele geslag moes sterwe alvorens die Beloofde

Land in besit geneem kon word (Num. 13:1 tot 33). Maar dit wil tog blyk dat die tweede sending van twee verkenners geleer het uit die foute van die vorige geslag en was Jerigo, die 'toegangsroete' tot Kanaän, op grond van die verslag van die twee verkenners suksesvol ingeneem.

Die twee verkenners wat deur Y'hoshua na Kanaän gestuur was se sending was nie soos die van die eerste verkenners om te gaan bespied hoe die inwoners van die land is nie, asook nie of die land goed of slegs is en of dit vet of skraal is nie (Num. 13:18 tot 20). Nee, hulle het geglo dat Kanaän die land van melk en heuning is. Hulle het יהוה en die belofte aan Abraham, Isak en Jakob geglo! Daarom het hulle die land, en spesifiek Jerigo, gaan bekyk met die doel om te bepaal wat die beste wyse is om die land in besit te neem. Hulle was bereid om hulle lewens te waag om Y'hoshua se opdrag uit te voer.

Die les hieruit te leer is dat vertroue in יהוה se beloftes nie die gebruik van gepaste of geskikte wyses en metodes, om 'n bepaalde doel te bereik, moet vervang nie, maar dit moet juis 'n aanmoediging wees om deur die leiding en hulp van die Afgesonderde Gees met ywer daarvan gebruik te maak! Indien ons verwagtinge ons verhinder om doelgerig en met beplanning op te tree is dit nie vertroue nie! Nee, dit is eerder om Vader-God te versoek, want dan maak ons nie gebruik van die vermoëns en talente wat God ons gegee het nie!

Ragab, 'n hoer wat die twee verkenners gehelp het, moet op soortgelyke voet gesien word as die vrou wat 'n sondaar was en wat die voete van Yeshua gesalf het (Luk. 7:37 en 38). Daarom is sy 'n sinnebeeld van:

- ❖ Die onverdiende guns van vergifnis na opregte berou.
- ❖ Die vreemdeling (heiden) en dus die wilde olyftak wat ingeënt word op die mak olyfboom soos Paulus dit in Romeine hoofstuk 11, veral verse 17 tot 24, verduidelik.
- ❖ Iemand wat geestelik gehoereer het, maar
- ❖ Wat deur vertroue in die God van Abraham, Isak en Jakob deel van die ware Yisra'el, en deel יהוה se seënninge deelagtig geword het deur die onverdiende guns in Yeshua.
- ❖ Iemand wat se vertroue deur ooreenstemmende werke bevestig was (Jak. 2:25)

Die Olyfboom: Wie is op wie ingeënt en wie voed wie?

Die antwoord op hierdie vraag word baie duidelik deur Sha'ul in Romeine 11 gegee.

Die mak olyfboom is 'n sinnebeeld van Yisra'el. Sha'ul verduidelik dat ons as die vreemdelinge wat in Yeshua as Die Gesalfde Een vertrou, die wilde olyftak is wat op die mak olyfboom ingeënt is. Dit is ons wat moet terugkeer na die voedingsbron van die lewende Torah, naamlik Yeshua, Die Geslafde Een, en wat gevoed word deur die vettigheid van die wortel naamlik יהוה self. Yeshua is die Woord wat van die begin af by יהוה was en wat יהוה is (Joh. 1:1 en 2).

Dit is hierdie bron wat ons voorvaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov gevoed het. Dit is hierdie bron wat hulle van Yeshua geleer het (Joh. 5:46) en dit is ons wat deel daaraan gekry het. Daarom het elke gelowige in Yeshua 'n Hebreeuse verbintenis wat in Torah gegrondves is. 'n Hebreeuse verbintenis van vertroue in יהוה as die getroue Verbondsgod en getrouheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit word. Dit is

waaraan Avraham en sy nageslag deel het. Ons het op die wyse deel van die ware Yisra'el geword en deel van יהוה se plan.

17 As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,

18 moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou!

19 Sonder twyfel sal jy sê: “Die takke is afgesny sodat ek in hulle plek ingeënt kon word.”

20 Goed, hulle is afgesny omdat hulle nie vertrou het nie, maar jy staan deur vertrou. Moenie arrogant wees in jou gedagtes nie, maar vrees,

21 want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou ook sekerlik nie spaar nie. Rom.11:17 tot 21

Avraham is die vader van vertrou en gehoorsaamheid. Dit is sy voorbeeld wat ons moet volg. Ons kan onself nie hiervan losmaak nie, want dan distansieër ons onself van die basis van ons vertrou en onterf ons onself. Dan kan ons nie deel van Yisra'el – die mak olyfboom – wees nie!

Graag verduidelik ek dit soos volg. Ons het 'n dogter wat op ses maande ouderdom deel van ons gesin deur pleegsorg en later deur wettige aanneming geword het. Volgens hofbevel is haar oorspronklike geboorte sertifikaat vernietig en 'n nuwe een met haar nuwe naam en van was uitgereik. Hiervolgens is dit asof sy ons eie vlees en bloed is. Sy is in alle opsigte soos ons eie kinders tot die mate dat mense selfs sê sy lyk soos ons. As kind moes sy, soos ons eie twee biologiese seuns, in alle opsigte gehoorsaam wees aan ons onderrig en instruksies (ons “wette”). Al drie was kinders in ons huis en dieselfde huisreëls het vir al drie gegeld.

Ons aangenome dogter kon nie sê dat sy nie in alles gehoorsaam hoef te wees nie omrede sy nie ons vlees en bloed is nie. Nee, ons is haar wettige ouers en sy is ons wettige kind en daar is geen onderskeid tussen haar en die kinders van ons eie vlees en bloed nie. Sou sy 'n siening en houding neem dat sy nie gehoorsaam hoef te wees op grond van bloedlyn, dan sou sy haarself nie as deel van ons gesin beskou nie. Sy sou nie al die seëninge van gehoorsaamheid kon ervaar nie, want ons sou haar moes tugtig.

Deur vertrou in Yeshua as Messias word ons “oorspronklike geboorte sertifikaat” nietig verklaar en word 'n nuwe een deur die hemelse hof uitgereik. Hiervolgens is ons die nageslag van Avraham en het ons deel gekry aan יהוה se volk en aan Sy beloftes en seëninge. Ons is deel van יהוה se “huishouding” en dieselfde onderrig en instruksies geld vir beide die biologiese kinders en die “aangenome” kinders!!

Ons moet altyd onthou dat ons Vader het 'n plan van herstel en versoening. Hierdie plan begin by Yisra'el en sal by Yisra'el eindig. Ons as gelowiges in Yeshua is slegs deel van die plan op grond van God die Vader se onverdiende guns. Hy maak ons deel hiervan soos bevestig word dat ons deur geloof in Yeshua as Messias die nageslag van Avraham is.

Deur geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah ontvang ons burgerskap van Yisra'el.

11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en ‘onbesnedenis’ genoem is, anders as hulle wat ‘die besnedenis’ genoem word en 'n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word

12 en dat julle in daardie tyd sonder Die Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra'el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.

¹³ Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een,

¹⁴ want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het. Ef. 2:11 tot 14

Bepeins of Bespreek

1. Die twee verkenners (wie se name nie eers genoem word nie) was nie soos die twaalf verkenners manne van aansien (prinse) nie, maar tog het hulle hul sending suksesvol voltooi (volgens יהוה se vereiste) ten spyte daarvan dat hulle in lewensgevaar verkeer het. Hulle het die gesindheid en vertroue van Y'hoshua en Kalev openbaar. Hulle het Kanaän 'gesien' soos יהוה dit 'gesien' het! Hoekom is ons so dikwels van mening dat mense van aansien en geestelike leiers die koninkryk van יהוה moet bou? Is ons nie ook soos die twee verkenners geroep om in die 'geheim' (Jos. 2:1) die land te gaan verken met die doel hoe om dit in besit te neem nie? Wat en waar is die 'land' wat jy moet gaan verken met die doel om dit in besit te neem as יהוה se grondgebied? Is dit jou eie lewe en omstandighede? Is dit jou geliefdes wat se 'grondgebied' nog deur die vyande van יהוה bewoon word? Is dit die gemeenskap waar jy betrokke is?
2. In vele opsigte kan ons as vreemdelinge (nie-Jode) met Ragab vergelyk word. Ons het ook geestelik gehoereer, maar het teruggekeer om die God van Abraham, Isak en Jakob deur vertroue in Yeshua as Die Gesalfde Een en die Lewende Torah te dien. Ons is deur vertroue ingeënt op die Olyfboom! Is ons ook bereid om ons lewens te waag soos Ragab gedoen het sodat יהוה se Koninkryk gevestig kan word?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.